# Calvyn en die kerklike orde: Enkele opmerkings

**AD Pont**

**Abstract**

**Calvin and Church Order: Some remarks**

In commemoration of the publishing of Calvin's *Institutes* in 1536 and in a tribute to Prof Dr PS Dreyer, some of the main principles of Calvin's church order are discussed. It is pointed out that the christological centre of the church occupied Calvin's attention more than the peripheral question of discipline.

## 1. INLEIDEND

In Maart 1536 het die drukkers Thomas Platterus en Balthasar Lasius in Basel 'n werk van beskeie omvang gepubliseer. Dit was die werk van 'n vier en twintigjarige geleerde, Johannes Calvyn van Noyon in Picardië en het die titel gedra: *Christianae religionis institutio*. Dit was die eerste uitgawe van Calvyn se hoofwerk wat in 1559 in die finale uitgawe verskyn het. Die bedoeling van hierdie werk was tweeledig. In die eerste plek om die grondbeginsels van die ware godsdiens aan sy lesers oor te dra en tweedens om aan voornemende teologiese studente 'n inleiding tot die bestudering van die Heilige Skrif te bied. Die *Institusie* van Calvyn het mettergaan een van die groot, klassieke teologiese werke geword wat nie net vir Calvinistiese teoloë nie, maar vir elkeen wat die Christelike teologie bestudeer, noodsaaklike leesstof is. Hier lê Calvyn die grondslae van sy teologiese denke en doen dit op so 'n wyse dat hierdie werk tot vandag toe sy betekenis en waarde behou het.

Vir die doel van hierdie studie word aandag gegee aan enkele momente van Calvyn se ekklesiologie soos dit in die *Institusie* van 1536 na vore kom en dan veral toegespits op kwessies van die kerklike orde en die kwaliteit van die ordereëls. Om dié saak verder te belig word ook van die latere uitsprake van Calvyn in hierdie verband in berekening gebring.

Met hierdie beperkte studie word dus in die eerste plek die feit in herinnering geroep dat dit vanjaar 450 jaar gelede is dat Calvyn se *Institusie* die eerste maal in Basel verskyn het. Terselfdertyd word hier-

mee hulde gebring aan prof dr PS Dreyer wat aan die einde van 1985 afgetree het as professor en hoof van die Departement Wysbegeerte. Prof Dreyer het met sy lewe en werk die akademie en die Kerk met oorgawe gedien. Daarom is dit vir my 'n voorreg, nadat ek soveel van hom ontvang het (dit het begin toe hy my katkiseermeester was) en so lank ook met hom kon saamgewerk het, om hierdie studie aan hom op te dra.

## 2. ENKELE OPMERKINGS OOR DIE EKKLESIOLOGIE VAN DIE *INSTITUSIE* VAN 1536

Wanneer die *Institusie* van 1536 nagegaan word, is dit duidelik dat Calvyn nie besig is om 'n volledige dogmatiek met 'n uitvoerige bespreking van die *locus de ecclesia* te gee nie. Die bedoeling van die werk was primêr om 'n duidelike uiteensetting van die hoofsom van die ware leer te gee en om aan te toon dat die hervormers nie 'n sektariese groep buite die kerk is nie, maar dat hulle die volledige inhoud van die Niceens-Konstantinopelse Geloofsbelydenis glo, bely en uitleef. Met ander woorde, Calvyn wil aantoon dat die hervormers die ware kerk verteenwoordig. Die Roomse Kerk het die aanspraak natuurlik verwerp en nadruklik gestel dat die kerk 'n sigbare gestalte moet hê en dat daardie sigbare gestalte slegs gevind word in die hiërargies-gestruktureerde amp wat aan die pous van Rome lojaliteit verskuldig is.

Calvyn stel dan (Simpson 1980: 22):

> Daarteenoor voer ons aan dat die kerk sonder enige sigbare gestalte kan bestaan en dat die gestalte nie op uitwendige glans, wat hulle soos dwase bewonder nie, maar op heeltemal ander kenmerke berus, naamlik die suiwere prediking van die Woord van God en die regmatige bediening van die sakramente.

Hier stel Calvyn die saak wat sentraal bly staan in al sy ekklesiologiese uitsprake. Die Christologiese sentrum van die kerk het 'n voorrang bo die periferiese argument oor die orde van die kerk of selfs die grense van die kerk. Waar Calvyn in 1536 dié saak omskrywe, stel hy dit so (Simpson 1980: 143):

> In die eerste plek glo ons in 'n heilige algemene kerk. Dit beteken die eindtotaal van uitverkorenes, of hulle nou ook al engele of mense is; van die mense, of hulle nou ook al gestorwe is en of hulle nog lewe; van die lewendes, in watter lande hulle ook al

> lewe of onder watter volke hulle ook al versprei is – dat dit een kerk en gemeenskap, een volk van God is. Daarom is Christus, onse Here, die leier en regeerder en as 't ware die hoof van die een liggaam....

Effens verder in sy uiteensetting, stel Calvyn (Simpson 1980: 154–155):

> ...moet daar by ons hoegenaamd geen twyfel daaroor bestaan dat daar 'n kerk van God bestaan waar ons sien dat die Woord van God opreg verkondig en aangehoor en waar die sakramente volgens die instelling van Christus bedien word nie. Maar 'n gewisser of selfs 'n ander kennis oor die kerk van God op aarde kan nie bestaan nie, en ook kan op geen ander wyse onderskei word wie daaraan behoort of nie. Ja, selfs geen begrip hiervan kan anders as deur die geloof gevorm word nie. Juis dit bedoel ons wanneer ons sê dat ons daaraan glo. Want die dinge wat nie met die naakte oog gesien kan word nie, word geglo.

Hier is dit duidelik dat vir Calvyn die vereniging van die gelowiges met Jesus Christus, deur die werking van die Heilige Gees, die konstituerende element van die kerk is. Dit is Jesus Christus, die Here, wat self as enige hoof van sy een liggaam almal wat by Hom hoort, bymekaarmaak en bymekaarhou. Dit is die wesenlike en dit stel Calvyn in 1536 baie duidelik en dit is, terloops, baie belangrik om hiermee rekening te hou wanneer in ons dae oor die eenheid van die kerk gepraat word. Dit is vir Calvyn duidelik dat die kerk, die liggaam van Christus, die volk van God een is. Daaroor hoef en kan daar eintlik nie meer 'n debat gevoer word nie. Daar kom egter 'n ander dimensie by as daar gepraat word oor die kerk in die wêreld, die *corpus permixtum* wat in die wêreld sigbaar word. Daaroor handel Calvyn wel in die 1536-uitgawe van die *Institusie,* maar nie so eksplisiet as wat dit in sy latere werke na vore kom nie. Daarom is dit wel belangrik om dit 'n oomblik nader te ondersoek.

## 3. CALVYN SE KERKBEGRIP

Calvyn se ekklesiologie is op twee pilare gebou: Uiterlik word die kerk gevorm deur die verbond van God met die gelowiges en innerlik of wesenlik deur die verbintenis van Jesus Christus met die gelowiges (Inst IV 1 2). Dit is duidelik dat vir Calvyn die hele oorwig op die

wesenlike van die kerk lê. Die kerk is primêr mense wat deur Jesus Christus in 'n besondere verbintenis met Hom geroep is en daarna eers vertoon die kerk ook 'n organisatoriese kant. Dié klemtone kan sekerlik nie genoeg onderstreep word nie.

Die merkwaardige karakter van die kerk en sy rol in die geskiedenis word deur Calvyn benadruk wanneer hy die posisie van die kerk in die wêreld wat in sonde geval het, soos volg aandui (Komm Ps 115:117):

> Die profeet maak die gevolgtrekking dat die hele natuurlike orde omvergegooi sou gewees het, as God nie die kerk bewaar het nie. Want die skepping van die wêreld sou sinloos gewees het as daar nie 'n volk was wat God kon aanroep nie.

In die sondige wêreld wat aan die gevolge van die sonde uitgelewer is, bestaan daar 'n permanente behoefte aan 'n terugkeer na orde en die kerk is God se sigbare ingryp in die geskiedenis waardeur Hy weer orde skep en die oorspronklike verband tussen God en mens weer herstel. Daardie ingryp van God in die geskiedenis en sy herskepping van die orde begin by die oprigting van die verbond met Abraham, want so en daar bring God, apart van die res van die wêreld, sy eie volk, die kerk, tot stand. Soos Calvyn dit stel (Komm Sag 9:11):

> Die verhouding tussen God en sy volk in die verbond is 'n wedersydse verpligting. Dit is God se verbond omdat dit van Hom af voortkom; dit is die verbond van die kerk omdat dit ter wille van die kerk opgerig is en as 't ware aan die kerk opgelê is.

Hierdie verbond is tweesydig, omdat God sowel as sy volk daarvolgens bepaalde regte en verantwoordelikhede het, maar dit bly ook waar dat die verbondsvolk self te alle tye volstrek afhanklik is van die Woord van God. Die verbondsverhouding begin by Abraham, die vader van die gelowiges, en verloop dan volgens 'n genealogiese lyn wat egter nie absoluut is nie. Die verbond, so sien Calvyn dit, dra die belofte van die Verlosser wat gebore sal word uit die *genus Abrahae* (Komm Matt 1:1). Hoewel God die verbond as *ordinatio Dei*, wat onveranderlik is, in stand gehou het, het die volk van God die *ordo*, die verbond verbreek vanweë hulle ongehoorsaamheid (Komm Eseg 16:61 en Jer 13:11). Só verspeel en verbeur Israel die verbond en word die volk vernietig, hoewel God 'n res bewaar en red (Komm Jer 8:13), want daar sal altyd 'n kerk wees (Komm Hand 13:20). Dit gebeur omdat die verbond op Christus gebou is (Komm Jer 33:15) en met die koms van Christus is

die verbond nie alleen voltooi nie, maar is dit ook herbevestig, is daar 'n voortgang in die verbond. Die besondere verbond van God met Israel, so betoog Calvyn, het net standgehou tot en met die opstanding van Jesus Christus (Komm Luk 2:10; Ex 12:42 en Matt 10:5). Met die opstanding van Jesus word die verbond nou as 't ware oopgemaak om ook diegene te omvat wat nie die natuurlike afstammelinge van Abraham is nie. Calvyn betoog (Komm Joh 10:16):

> Toe die leer van die evangelie geopenbaar is ... het dit nie die Jode uit die verbond, wat God lank tevore met hulle gemaak het, verwyder nie. Inteendeel, dit het ons aan hulle verbind.

Dit is duidelik dat Calvyn hier nougeset die argument van Paulus volg waarvolgens die ou volk, vanweë hulle verset, hulle eersgeboortereg verspeel het sonder dat dit egter beteken dat hulle sonder meer uit die verbond verwyder word. Hoewel Calvyn dus, wat die verbond betref, duidelik onderskei tussen 'n ou en 'n nuwe bedeling met Christus in die middelpunt, beklemtoon hy dat daar net een verbond is wat in en deur Christus vernuwe is (Komm Eseg 16:60).

Met sy beklemtoning van die basiese eenheid van die verbond verwys Calvyn ook, in die verbygaan, na die verandering wat na Christus voltrek word. Die verbreking van die middelmuur van skeiding (Ef 2:14) is vir Calvyn nie 'n verandering van die verbond nie, maar dit beteken dat ander mense nou by die verbond betrek word. Die opname van die heidene beteken slegs dat die ander takke van die wilde olyf op die stam van die mak olyf geënt kan word (Rom 11:7). So word die heidene deel van die geslag van Abraham. Die verbond word dus oopgemaak vanweë die ongeloof van Israel en so word in die lewe van die verbondsgemeenskap, die kerk, 'n nuwe moment ingedra.

Dit word duidelik, as so op Calvyn se opvattings gelet word, dat die kerk in sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament in die eerste plek 'n lewende organisme is, 'n volk van God en dus nie primêr 'n organisatoriese struktuur wat juis vanweë die struktuur duidelik aanwysbaar en sigbaar is nie. Die kerk is by Calvyn 'n lewende gemeenskap wat by Adam en Eva begin. Struktureel is dit egter nie altyd as sodanig sigbaar in die wêreld nie, want die essensiële van die kerk is die vertikale verbondenheid met God. Daardie essensiële is van God afkomstig en word deur Hom bepaal en wel deur die roeping, die verkondiging van die Woord, die *adoptio* en *electio*. Hier kan vasgestel

word dat Calvyn praat van 'n algemene uitverkiesing wat almal geld wat in die verbond opgeneem word. Binne die verbond is dit egter net die besondere uitverkorenes wat die Heilige Gees ontvang. Die uiterlike kerk of verbondsgemeenskap is inderdaad 'n *corpus permixtum* waarin die uitverkorenes gevind word (Inst IV 1 7).

Na die opstanding van Christus begin die opname in die verbond van diegene wat nie tot die *genus Abrahae* behoort nie en hulle word ingeënt in die stam van Abraham sodat, soos Calvyn dit stel, hy nou sy verbond na alle volke uitbrei:

> So het Hy ook, aangesien Hy sy verbond in Frankryk, Italië, Duitsland, Spanje en Engeland in bewaring gegee het, toe die lande deur die tirannie van die antichris onderdruk is, sodat sy verbond onskendbaar sou bly, in die eerste plek sy doop daar bewaar, die getuienis van die verbond, ... vervolgens het Hy deur sy voorsienigheid bewerk dat ook ander oorblyfsels voortbestaan het, sodat sy kerk nie geheel en al ten gronde sou gaan nie.

Vroeër was net Israel deel van die algemene verkiesing, nou deel alle volke in daardie verkiesing, want die verbond, die evangelie, word nou aan alle volkere verkondig op so 'n manier dat die verbond aan elkeen in bewaring gegee word. So word die kerk in elke volk volkskerk soos by Israel. Maar, en dit is belangrik, nie alles en almal wat deur die *electio generalis* deel van die verbond, die nasionale volkskerk word, is daardeur deel van die uitverkorenes nie. Dit word bepaal deur die geloof, die vertikale binding wat God self skep en wat die bepalende moment in die kerkwees van die kerk is.

Dit beteken dat Calvyn van twéé kerke praat: Die sigbare kerk wat gevorm word deur die gedoopte, belydende lidmate van die kerk en andersyds die onsigbare kerk wat uit die uitverkorenes, wat alleen aan God bekend is, bestaan. As die vraag nou gevra word na die herkenbaarheid van die kerk in hierdie wêreld, dan noem Calvyn slegs twee *notae ecclesiae*, dit wil sê die regte prediking èn die regte aanhoor (=gehoorsaamheid) van die Woord asook die regte uitdeling en die gelowige ontvang van die sakramente (Inst IV 1 9–10). Interessant is dat in sy kommentaar op Handeling 2:42 hy ook broederskap en gebed onder die *notae ecclesiae* noem, maar dit nie weer elders vermeld nie.

Belangrik is om daarop te let dat die *notae* nie abstrakte maatstawwe vir Calvyn is nie, maar werklikhede want, soos hy dit stel, word die kerk vir ons sigbaar op daardie oomblik wanneer die *notae* na vore kom

(Inst IV 1 9). Juis so en dan is God self teenwoordig, soos Calvyn dit stel (Komm Jes 40:20):

> God is nie by ons teenwoordig in 'n afgodsbeeld nie, maar deur sy Woord en die krag van sy Gees; en alhoewel Hy in die sakramente aan ons 'n beeld van sy genade en seën voorhou, word dit gedoen met geen ander bedoeling as om ons boontoe, na Homself, te lei nie.

God is dus nie vanselfsprekend in die kerk teenwoordig nie, maar is teenwoordig waar die regte prediking en die korrekte uitdeling van die sakramente voorkom. Daarom is die verlating van 'n kerk of gemeente waar sodanige regte prediking en sakramentsbediening voorkom, 'n verloëning van God en Christus (Inst IV 1 10). Omdat die regte prediking en uitdeling van die sakramente God se werk is waarin Hy Hom van 'n geroepe menslike dienskneg bedien, is daar geen uiterlik-sigbare selfs konstante waarborg dat die sigbare kerk inderdaad ware kerk is nie. Die sigbare kerk word telkens weer ware kerk, maar is dit nie, omdat God nie in die kerk vasvangbaar is nie.

Vir Calvyn is die verbondenheid van God met sy verbondsvolk dié primêre saak waarom dit in die kerk gaan. Vandaar ook sy beklemtoning van die belangrike posisie van die prediking, 'n posisie wat in die Tweede Switserse Geloofsbelydenis 1566, by wyse van 'n opskrif omskryf word as *praedicatio verbi Dei est verbum Dei.*

As dié bespreking dan daarby gelaat kan word, kan gestel word dat dit glad nie so vreemd is dat Calvyn stel dat die kerklike orde 'n sekondêre saak is wat nie die wese van die kerk bepaal nie. Selfs die Roomse Kerk, waar die pous en sy hele horde mede-biskoppe die koninkryk van God volgens Calvyn vertrap, en waar die *notae ecclesiae* nie meer gevind word nie, is nie so verdorwe dat daar nie tog nog 'n oorblyfsel van die volk van God en van gelowiges gevind word nie (Inst IV 2 12). Dáár het die uiterlike orde so 'n vorm aangeneem dat dit inderdaad die bestaan van 'n ware kerk ernstig bemoeilik en selfs onmoontlik maak, omdat die orde die regte prediking en sakramentsbediening onmoontlik maak. Die kerklike orde is dus nie 'n saak wat maar verwaarloos kan word nie, want die orde en die gehoorsaamheid moet in die geledere van die volk van God gehandhaaf word.

Ten opsigte van die orde stel Calvyn dat daarvoor geen spesifieke *ordinationes Dei* bestaan nie. Soos hy dit stel (Komm I Kor 11:2):

> Want ons weet dat elke kerk die vryheid het om vir homself 'n kerklike orde, wat vir hom ter sake en bruikbaar is, op te stel, want ons weet dat die Here nie iets bepaalds voorgeskryf het nie.

Elke kerk moet, ter wille van die goeie orde, wel 'n vaste kerklike orde hê, maar daar bestaan nie so iets soos 'n vasstaande patroon nie. Tog waarsku Calvyn dat die menslike willekeur hier geen voorrang mag kry nie want, sê hy (Inst IV 10 30):

> ... dat ek slegs daardie menslike instellings goedkeur wat op God se gesag gegrond is en uit die Skrif geneem is en dus heeltemal goddelik is.

Daarmee argumenteer Calvyn nie dat alle kerklike orde-bepalings 'n presiese Skriftuurlike basis moet hê nie, maar dat die kerklike ordereëls moet ooreenkom met die Skriftuurlike reël wat in I Korintiërs 14:40 ('Alles moet egter gepas en ordelik geskied'), neergelê word. Daarom stel hy ook (Inst IV 10 30):

> Ten slotte, omdat Hy oor die uiterlike tug en die seremonies niks uitdruklik geleer het nie, omdat hierdie dinge ook nie vir die saligheid nodig is nie en na gelang die gewoontes van elke volk en in elke tyd op verskillende maniere, tot opbou van die kerk, toegepas moet word, sal dit paslik wees, soos die welwese van die kerk dit vereis, om sowel aanvaarde reëls te verander en af te skaf as om nuwes in te stel.

Dit is opvallend dat Calvyn hier, veral wanneer dit om die uiterlike ordereëls gaan, geen vaste reëls neerlê nie. Dit nieteenstaande die feit dat Calvyn gesteld is op 'n duidelike orde en reël. Hy stel dat dit die plig van die gelowiges is om die vasgestelde insettings en reëls 'met 'n vrye gewete en sonder bygeloof' met 'n vroom en gehoorsame gesindheid te aanvaar en te onderhou, omdat dit die welwese van die gemeente bevorder. Maar net so sterk stel hy dat die diens van God nie geleë is in die onderhouding van uiterlike sake nie (Inst IV 10 32):

> Vervolgens moet ons daarop let, dat ons self hierdie dinge (d w s orde en reël) sonder enige bygeloof handhaaf en dat ons nie alte eiesinnig dieselfde (orde en reël) van ander moet eis nie en dat ons die belangrikste diens van God nie gaan stel in die veelheid van seremonies nie, en dat die een kerk die ander nie moet minag vanweë die verskil in uiterlike regering nie.

Vir Calvyn is die kerklike orde 'n sekondêre saak wat die doel het om so 'n vaste reël en organisasie te skep dat die gelowiges daardeur in staat gestel word om na die eis en reël van die Woord en wil van God te lewe. Dié uiterlike dissipline en seremonies skep dus die ordelike raamwerk waarbinne die gemeente leef en waardeur die gelowiges God met hulle manier van lewe kan verheerlik en die onordelikes in toom gehou kan word.

Die kerk is en bly by Calvyn primêr 'n geloofsgemeenskap wat met God verbonde is, dit is 'n lewende liggaam met 'n organisatoriese sy en die organisatoriese is daar ter wille van die sentrale moment, naamlik die regte prediking en aanhoor van die Woord, die regte uitdeling van die sakrament en die gelowige ontvang daarvan. Daarom is die kerklike orde vir Calvyn nië 'n kenmerk van die kerk nie. Die kerk word van bo, dit wil sê van Christus af deur sy Gees en gawes georden en die regte orde ontstaan wanneer almal in die kerk Christus as Hoof en Heer van die kerk bely en gehoorsaam, wanneer die gemeente deur die Gees van God gelei word en die kerk in die wêreld inderdaad toon dat dit 'n gemeenskap van heiliges is. Dit wil sê, 'n gemeenskap van gelowiges wat aan God behoort.

Dit is eers Calvyn se opvolgers, Beza en die Puriteine, wat uitgaan van die standpunt dat die kerkordelike struktuur, tot in besonderhede, Skriftuurlik gegee is. Daarmee word die kerklike orde as 'n uitbreiding van die geloofsbelydenis gesien en die kerklike struktuur as 'n *nota ecclesiae* na vore gebring. Juis hierdie ontwikkeling na Calvyn het baie gedoen om in die 19de en in ons eeu die waardering vir die kerklike orde skeef te trek. Die gevolg is dat daar aan die ordereëls 'n oormatige gewig gegee word teenoor die sentrale, Christologiese moment van die kerkwees wat altyd deur Calvyn benadruk is. Daardeur het die opvatting reeds in die laat-sestiende en sewentiende eeu posgevat dat die kerk 'n struktuur is en dat die strukturele die kerkwees van die kerk bepaal. So gebeur dit dat allerlei dwaashede op hierdie vlak kwytgeraak word wat, as Luther se maatstaf aangelê word, as geklets of ydele praatjies aangemerk moet word.

## 4. ENKELE OPMERKINGS OOR DIE DISSIPLINE IN EN VAN DIE KERK

Dit is opvallend dat die 19de eeu, waar die gedagtes van die Verligting van die vorige eeu in die kerk deurwerk, 'n periode is van organisatoriese kerklike verdeling. In Nederland, net soos in Skotland en elders,

ontstaan daar langs die bestaande reformatoriese volkskerke, die sogenaamde vrye kerke. In die vrye kerke word die gedagte van die *corpus christianum* verwerp en óók die Bybelse leer dat die verbond die basis van die leer oor die kerk is.

Hierdie opvattings wat in die vrye kerke na vore kom, vind sy oorsprong in bepaalde Puriteinse opvattings wat op hulle beurt weer 'n aanknoping gevind het by opvattings van Martin Bucer en John Knox, om net twee van die sestiende-eeuse vadere te noem. Bucer wat net soos Luther en Calvyn vashou aan die sentrale dogma dat die kerk alleen ontstaan vanweë die prediking van die Woord en daardeur opgebou word, beklemtoon egter ook dat die evangelie van Jesus Christus die kerk as liggaam van Christus op aarde konstitueer. Om nou die kerk by hierdie sentrale, konstituerende en opbouende moment te hou en so die kerk te laat voortbestaan, stel Bucer dat die kwaliteit van die lewe van die gelowiges óók 'n *nota ecclesiae* is. Daarom sê hy: **Wo kein Zucht und Bann ist, ist auch kein Gemein.** Só word die handhawing van die dissipline 'n primêre taak van die kerk en so wil Bucer 'n manier vind om die gelowiges van die ongelowiges te skei en om 'n suiwer en gedissiplineerde gemeenskap te skep. In hierdie opvatting is Bucer gevolg deur manne soos Oecolampadius, Petrus Martyr en John Knox en almal lê hulle klem op die handhawing van die dissipline. Die argument is dan dat deur die kinderdoop alle soorte mense, goed en sleg, in die kerk opgeneem word. As dië gedooptes volwassenheid bereik, word hulle aan die dissipline van die kerk onderwerp wat juis ingestel is om toe te sien dat die gelowiges 'n suiwer lewe sal bly voer en dat die ongelowiges buite die kerk uitgesluit word.

Hier is daar 'n raakpunt met die Anabaptiste wat na die voorbeeld van die vroeë kerk wil terugkeer om sodoende 'n suiwere en ware kerk te vestig. Om dit te kan doen, ken die Anabaptiste aan die kerklike dissipline en ban 'n oorheersende posisie toe. Juis deur middel van die strenge toepassing van die dissipline wou hulle 'n eksklusiewe gemeenskap van ware gelowiges vestig omdat hulle die gedagte dat die sigbare kerk op aarde 'n *corpus permixtum* is, nié wil aanvaar nie. Vir die Anabaptiste is die uitstaande *nota ecclesiae* die suiwerheid van die kerk. Dit wil sê, die suiwerheid van die leer, van die gebruike en van die lewenswandel. So sterk beklemtoon die Anabaptiste die dissipline dat dit die reformatoriese *notae ecclesiae* en die Christologiese hart van die kerk, volkome op die agtergrond stoot.

Dit is hierdie (oor)beklemtoning van die dissipline en die suiwerheid van die kerk wat deurwerk na die Engelse separatiste ĕn na die

Puriteine wat ook aan die dissipline en die konsekwente gebruik van die ban 'n voorrang bo die regte prediking en die korrekte sakramentsbediening gee.

So gebeur dit dat reeds in die laat-sestiende eeu in Engeland die Christologiese middelpunt van die kerk, soos Calvyn dit geformuleer het, oorwoeker word deur 'n aggressiewe oorbeklemtoning en 'n legalistiese obsessie met die grense van die kerk.

Hierdie Engels-separatistiese en ook Puriteinse tendens werk in die laat-sestiende eeu en daarna deur na die Nederlandse Nadere Reformasie waar dieselfde ekklesiologiese misvatting dan grond vat en dogmaties regverdig word deur die verbond en die uitverkiesing met mekaar te vereenselwig. Dié eksklusiewe tendens, die oorbeklemtoning van die grense van die kerk ten koste van die Christologiese sentrum, speel in die meeste van die afskeidings van die 19de eeu 'n belangrike rol. Dit is veral in Nederland die geval omdat die afskeidings van 1834 en 1886 plaasvind vanuit dié kringe waar die opvattings van die Nadere Reformasie oorheersend is. Die 19de-eeuse afskeidings in Nederland word daarby gestimuleer deur die feit dat die Nederlandse volkskerk sy leerstellige basis, die verbond, onder druk van die humanistiesmoralistiese liberale teologieë verwaarloos het en homself as 'n vrywillige vereniging, gekonstitueer volgens die heersende verligte verenigingsreg in 'n demokratiese staat, omskryf het. Opvallend is dit dat in Nederland in die 19de eeu, dit eintlik net Kohlbrügge en ook Hoedemaker is wat hierdie saak skerp raakgesien het. Hulle het ontken dat die handhawing van die dissipline en die verwerping van die opvatting dat die kerk op aarde 'n *corpus permixtum* is, die enigste *nota ecclesiae* is.

Hierdie ontwikkeling is moontlik gemaak deur die feit dat die handhawing van die dissipline in die NGB Art 29 eksplisiet genoem word. Maar daar is vergeet dat dié *notae ecclesiae* dáár in 'n duidelike rangorde geskik is. In die afskeidingsbewegings van die 19de eeu, net soos in die Nadere Reformasie, is die klem op die grense van die kerk groter as die aandag vir die konstituerende moment van die kerk, die sentrale middelpunt, naamlik die regte verkondiging. Hier het die struktuur belangriker geword as die lewende liggaam, die organies-dinamiese volk van God wat ontstaan en voortbestaan deur die regte prediking van die evangelie van Jesus Christus.

Met dit alles moet wéér gestel word dat die dissipline nie onbelangrik is nie, want in die voetspoor van Calvyn moet daaraan vasgehou word dat die dissipline die middel is waarmee die volk van God opge-

lei, opgevoed en gebring word tot die volvoering van sy opdrag. Daarom is die dissipline 'n noodwendige aanhangsel van die leer (Komm Matt 18:18), wat die leer van die evangelie versier (Komm Kol 1:24). Dit is deur die handhawing van die dissipline dat God self ons aan sy wil onderwerp en so vir Hom 'n nuwe volk opbou. By Calvyn hang sy opvattings oor die dissipline saam met sy leer van die heiligmaking. Dit is juis deur die korrelasie van die dissipline met die werk van die Heilige Gees self dat die herstel van die beeld van God in die gelowige plaasvind. So word dit duidelik dat by Calvyn die dissipline nie primêr betrek is op die grense van die kerk nie, maar wel op die Christologiese hart van die kerk, die regte prediking van die Woord.

Miskien kan gestel word dat die geskiedenis van die Nederlandse Hervormde Kerk gedurende die laaste eeu juis duidelik laat sien dat die verwaarlosing van die dissipline ten opsigte van die regte prediking inderdaad die kerk verwoes. Die oormatige klem op die grense van die kerk, as reaksie dáárop, is ook nie die antwoord nie, soos die geskiedenis uitwys.

## 5. SLOTOPMERKINGS

Met hierdie kort uiteensetting van 'n paar van die grondliggende beginsels van Calvyn se ekklesiologie, word dit byna 'n verleiding om uitvoerige kanttekeninge te skrywe by die geskiedenis, kerklike orde en gebruike van ons kerk. Dit veral vanweë die feit dat 'n verrassende hoeveelheid van Calvyn se ekklesiologiese uitgangspunte en riglyne bewaar gebly het in ons kerklike denke en ook nog as sodanig funksioneer. Dit sou dit egter, vir die doeleindes van hierdie stuk, te ver voer om dergelike kanttekeninge ook nog hier toe te voeg. Tog kan net op die volgende gewys word.

Dwarsdeur die geskiedenis van ons kerk is daar voortdurend met sorgvuldige aandag toegesien dat die prediking in ons kerk voldoen aan die eis van regte verkondiging. Dit is merkwaardig dat selfs in die 19de eeu, toe die waardering vir die reformatoriese en Bybelse teologie oor die algemeen maar betreklik was, ons kerk dit tot twee maal toe nodig gevind het om van sy predikante te dissiplineer vanweë leeruitsprake wat as onaanvaarbaar beskou is. In die lig van die Kerkwette van 1857, 1862 en 1869 is dit egter nie so vreemd nie.

In ons kerk en in die kerklike lewe het die konstituerende, Christologiese middelpunt van die kerk soos Calvyn dit geformuleer het, altyd sy volle gewig gekry en is steeds beklemtoon dat die prediking

Christo-sentriese verkondiging van die evangelie moet wees. Dat die prediking die kerk gebou en sy groei gestimuleer het, selfs onder baie moeilike omstandighede, kan sonder moeite uit die geskiedenis van die kerk afgelees word.

Terselfdertyd is in die kerk steeds die balans gehandhaaf deur toe te sien dat die dissipline nie verslap nie, sonder om in die slagyster te trap om die waardering vir die grense van die kerk tot die oorheersende *nota ecclesiae* te verhef. Dit hang saam met die feit dat die kerk homself nog altyd as 'n volkskerk beskou het, gebou op die fondament van die verbond en nie 'n versameling van bekeerde enkelinge of uitverkorenes nie. As volkskerk het die kerk geweet dat hy 'n middel in die hand van God is om die evangelie in die midde van die volk uit te dra en uit te leef. Daarom het die kerk as volkskerk na gelang van die gewoontes van die Afrikanervolk toepaslike ordereëls opgestel, wat 'n duidelike Skriftuurlike basis het, en wat van belang was en is vir die tyd waarin hy lewe. Dat sommige van dié ordereëls nogal skerp teen die opvattings van die populêre ideologieë van hierdie tyd ingaan, is waar. Dit is blykbaar die rede waarom daar vanuit die verpolitiekte en verideologiseerde teologie, wat ook in ons vaderland beoefen word, verskillende pogings aangewend word om dié ordereëls en daarom ook ons kerk, as ketters aan te dui. Dit is egter duidelik dat die ordereëls wat die welwese van die kerk in die wêreld dien en daartoe bydra om die kerk se apostolêre funksie in die wêreld te stimuleer, vir die volk van God van meer waarde is as die geklets van die ideoloë wat 'n gebonde teologie beoefen.

Kennis van die verlede, kennis van die historiese wortels waarop ons kerk staan, kan nou en in die toekoms die kerk die rustige selfversekerdheid en vertroue gee om so met sy dienswerk in die wêreld voort te gaan dat die eie èn ander volke daardeur gedien word en die Naam van God verheerlik word.

**Literatuurverwysings**

CALVINUS, J 1559. *Institutio christianae religionis.*

SIMPSON, HW 1980. *Onderwysing in die Christelike godsdiens deur Johannes Calvyn.* Potchefstroom: Calvyn Jubileumboekefonds.